**AFDELING B**
**Transaksionele tekste:**
Afdeling B word volgens die rubriek uit 25 geassesseer.
Kies twee vrae uit die afdeling.

**2.1 VRIENDSKAPLIKE BRIEF**

- Gepaste vorm.
- Inhoud: oorspronklik, kreatief en oortuigend.
- Toon, styl en register moet gepas wees.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik, paragrafering moet aandag geniet

**2.2 HULDEBLYK**

- Die persoon wat dood is se volledige naam en van, sy adres, ouderdom, datum en plek van afsterwe, die oorsaak van sy dood, die duur van sy siekte en die name van sy naaste gesinslede wat hy agterlaat, word genoem.
- Gee 'n kort beskrywing van sy prestasies, hoogtepunte in sy loopbaan, die opleiding wat hy gehad het, asook sy gemeenskapsbetrokkenheid.
- Enige interessante gebeurtenis in sy lewe kan weergegee word. Skryf ook humoristiese staaltjies van die oorledene neer om die droewige atmosfeer te verlig.
- Die familie en vriende se persoonlike herinneringe kan gegee word.
- Die leser moet 'n duidelike beeld van die oorledene kan vorm.
- 'n Kort bemoedigende boodskap kan aan die familie gerig word.
- 'n Persoonlike boodskap of 'n gedig kan ingesluit word.
- Die taal en styl is formeel
- Wees bewus van die hartseer rondom die oorledene se afsterwe en gebruik eufemismes of versagting soos sag heengegaan, die tydelike met die ewige verwissel.
- Wees versigtig om nie clichés en soetsappighede te gebruik nie.

Moontlikhede vir die inleidingsparagraaf:

- 'n Kort samevatting in een of twee sinne van die persoon se lewe.
- Iets interessants of grappigs wat die persoon dikwels gesê he
- 'n Paragraaf oor wat die persoon vir jou of vir die gemeenskap beteken het, of nog beteken.
- Waarom sal mense hom of haar nog lank onthou?
- Iets wat kenmerkend of eienaardig was.

Moontlikhede vir die slot:

- Besonderhede oor die begrafnis of oor wie nagelaat word na sy of haar dood, of die direkte woorde van iemand wat die persoon goed geken het

